

Nico: Moenie vrees nie – só kan jy jou spaargeld laat brul

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-moenie-vrees-nie-so-kan-jy-jou-spaargeld-laat-brul-20260508-1133



Laat jy jou lei deur die vrees vir geld verloor of is jy bereid om soms 'n bietjie opgewonde te raak as jy die geldleeu hoor brul? vra Nico van Gijsen.

My oudste kleindogter, Lia, was nog op laerskool toe sy in 'n toets 'n vraag moes beantwoord: Wat is jou gevoel as jy in die nag 'n leeu hoor brul?

Lia se antwoord? Opgewonde!

Sy is verkeerd gemerk. Juffrou wou hoor: vrees!

Oupa se reaksie (in Kaapse vleisbraaitaal)? “Huh? Sy’s dêm stupid.”

My kleinkinders ken die bos. Hulle is skaars hier by my knie verby, dan slaap hulle by ons in 'n tent. Met leeus, hiënas en olifante wat enige tyd, dag of nag, deur en in ons kamp rondloop. En waar ons menige nag wakker gehou is deur 'n leeu se gebrul.

Dit vul ons nie met vrees nie. Dit maak ons opgewonde. Skaars loer die oggendson oor die kim of ons is uit op soek na daardie leeu. Of my boskinders hol, nog met nagklere aan, op die spoor van 'n leeu of hiëna wat deur die nag in ons kamp was.

Die boservaring, die opgewondenheid, word bestuur. Dit word nie gesmoor met vrees nie.

Ek het baie staaltjies, maar kom ons praat geld. En my vraag vandag is: Laat jy jou lei deur vrees vir geld verloor of is jy bereid om soms 'n bietjie opgewonde te raak as jy die geldleë hoor brul?

Vrees (vir enigiets) bring jou nêrens. Jy verloor. Jy loop geleentheid mis.

Geld wat nie groei nie, is dooie geld. Weet dit. Jy word armer. Inflasie en belasting sal daarvoor sorg.

Die vreesfaktor

Die groot fout wat mense maak, sien ek byna elke dag, is dat hulle so met vrees gevul is dat hulle kan geld verloor weens bewegings in die beleggingsmarkte dat hulle al hul spaargeld by die bank hou, waar hulle rente verdien, of in 'n geldmarkfonds, wat ook rente betaal.

Rentedraende instrumente is dalk, so word algemeen aanvaar, 'n veilige belegging. Jy weet min of meer hoeveel jy gaan kry. Maar jy weet nie wat jy misloop nie. Jou vrees hou jou weg van die beleggingservaring.

Ek het in die afgelope week iemand gesien wie se geld alles op 'n bankbelegging is wat vir haar 6% rente per jaar betaal. Sy betaal belasting daarop teen haar marginale koers van 40% per jaar. Inflasie gaps 'n verdere 3,5%.

Praat van vrees. As dit my geld was, sou ek nagmerries kry.

Op dié punt net verder, daar is “vaste beleggings” waar jy jou geld “vasmaak” vir sê vyf jaar teen 'n ietwat hoër rentekoers. Dis dalk 'n persentasiepunt of twee of drie meer, maar Jan Taks en inflasie doen dieselfde.

Kyk gerus ook maar mooi na die geadverteerde opbrengs op 'n vyfjaar- vaste belegging by sekere banke. Hulle adverteer, sê maar, 9% rente per jaar. Maar dis eintlik net die saamgestelde rente oor vyf jaar wat dan deur vyf gedeel word en dit dan voorgehou word as rente per jaar.

Byvoorbeeld, die bank adverteer 9% per jaar rente op 'n vaste belegging van vyf jaar. Maar in werklikheid kry jy net 8% per jaar (versteek in die kontrak).

Wat hulle doen, is om die kumulatiewe rente van 47% (8% per jaar oor vyf jaar) deur die vyf jaar te deel. En kry dan 9. Dan sê hulle jy kry 9% per jaar. Boereverneukery.

Laat die leeu brul

Ek het hierbo genoem van die lae opbrengs (rente) wat die hoogste belasting trek. Die probleem is dat baie mense met soveel vrees luister na die gebrul oor aandele wat dan so riskant sou wees, dat hulle die hele leeu-ervaring (die opgewondenheid) mis.

Min mense is daarvan bewus dat daar ook veilige aandele is. Aandele wat baie beter groei oor tyd as rentedraende instrumente lewer.

Een stabiele fonds, met 'n bietjie aandele in, wat ons gereeld gebruik vir mense wat ietwat konserwatief wil, of moet, wees met hul geld, het byvoorbeeld die afgelope vyf jaar meer as 11% per jaar opgelewer. In die afgelope jaar is dit 15%. Dis werklike opbrengs, dus nadat alle koste verhaal is.

En hier is die kersie op die koek, die belasting wat jy betaal op jou groei in so 'n beleggingsfonds, is minder. Juis omdat kapitaalwinsbelasting (KWB) eerder as inkomstebelasting gehef word op 'n groot deel van jou groei, op die verhandeling in aandele.

Met rente betaal jy belasting op 100% van jou opbrengs, ná die jaarlikse rentevrystelling van R34 500 vir diegene bo 65 jaar oud. En jy word belas teen jou marginale koers. Dit kan tot 45% wees.

Met aandele betaal jy KWB en word dit gehef op net 40% van jou groei, ná die jaarlikse kapitaalwins-uitsluiting van R50 000.

Die kort boodskap hier is: Moenie dat vrees jou beleggingsbesluite rig nie. Daar is geleenthede en jy loop dit mis deur vreesbevange in 'n hoekie te gaan wegkruip.

Soos ek hier wys, is daar beter groeigeleenthede met terselfdertyd minder belasting. In gewone Afrikaans gestel, dis meer geld in jou sak – of meer geld wat kan groei om nog meer te word. En dít sonder veel meer risiko as om jou geld in die bank te los of alles in 'n rentedraende belegging te gaan vasmaak.

Kyk verby jou vrees. Laat die leeu brul en raak opgewonde.

Dit kan bestuur word. Daar is geleenthede, gebruik dit.

Nico van Gijsen, gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za